

## Gereformeerde Kerk Bellville – 20 November 2016 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 26:1, 7 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg  
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;  
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 7 My God, doen aan my reg! / Ek wandel in u weg.  
Verlos my, hoor my smeking aan! / U liefde en lof verklank ek,  
in u vergaarding dank ek, / U het vir my die pad gebaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,  
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.  
Daar's wolke donkerheid / rondom sy majesteit;  
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriendlike aangesig / straal vrolikheid en lig  
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.  
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!  
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganze aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!  
U het die waters in hul woede / betoel in die skeppingstond  
en het die aarde vas gegrond / op wye see en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,  
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Gebed

Psalm 79:1, 3, 5 (p. 402)

- 1 Die heid'ne het gekom, 'n woeste hoop, / U erfdeel, HEER, geweldig neergeloop,  
U heiligdom se heiligheid geskend, / Jerusalem tot puinhoop omgewend.
- 3 Vir al ons bure is ons nou 'n smaad, / 'n spot en skimp van almal wat ons haat.  
Hoe lank sal nog u toornloed oor ons duur? / U ywer, HEER, nog oor ons brand soos vuur?
- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!  
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.

**Skriflesing:** Daniël 5:1-30

**Kernverse:** Daniël 5:25-28

**En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee. (Daniël 5:25-28 AFR53)**

### **Vooraf**

Iemand wat die Bybel met aandag lees sal dadelik agterkom dat daar tussen Daniël 4 en 5 'n tydperk moes verloop het waarvan die Here ons niks vertel nie. Dit is inderdaad so, want in Daniël 4 lees ons dat God koning Nebukadnesar in sy amp as koning herstel het nadat hy erken het dat God die Allerhoogste is en dat Hy alle mag oor aardse koninkryke het. In hierdie hoofstuk lees ons van Belsasar en Nebukadnesar word sy vader genoem.

Wanneer daar in die Bybel van *vader* gepraat word, word nie noodwendig die biologiese pa van iemand bedoel nie. Dikwels word vader gebruik om die voorganger van iemand aan te dui, soos in die geval van Nebukadnesar en Belsasar.

- Nebukadnesar het drie en veertig jaar lank regeer en gesterf in die jaar 562 vC.
- Sy seun Evil-Merodag (Jer 52:31-34) het in sy plek koning geword. Hy het egter net twee jaar regeer, want sy swaer Nergal-Sareser (Jer 39:3, 13) het hom vermoor.
- Hierdie Nergal-Sareser het toe koning geword en vir vier jaar in Babel regeer en gesterf.
- Sy seun en enigste kind het in sy plek koning geword, maar hy het net vir nege maande regeer toe hy ook vermoor is.
- Hierdie moordenaars en samesweerders het toe vir Nabonidus koning gemaak in Babel en hy het regeer tot en met 539 vC toe koning Kores van Persië Babel ingeneem het. Dit blyk dat koning Nabonidus na Arabië uitgewyk het toe hy sien dat die dinge warm raak in Babel. Hy het toe sy oudste seun Belsasar in beheer van sake geplaas in Babel. Daarom word hy in Daniël 5 koning Belsasar genoem, want hy tree namens sy pa op.
- Dit verklaar dan ook waarom Belsasar die verklaarder van die woorde teen die muur die posisie van derde in rang belowe. Sy pa is die eintlike koning. Hy is tweede in rang. Hy sal nie sy eie posisie afstaan nie maar belowe die derde plek aan die verklaarder van die woorde.

**Tema:** God heg waarde aan sy eiendom – dit is vir Hom heilig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is baie dinge waaraan ons mense baie waarde heg. Wanneer jy waarde aan iets heg, is dit vir jou kosbaar, en wat vir jou kosbaar is, sal jy beskerm met alles binne jou vermoë. As jou naam kosbaar is, sal jy versigtig wees met jou optrede en woorde. Jy sal niks wil doen wat gaan maak dat jou naam aan afskuwelike dinge gekoppel kan word nie. As jou kinders vir jou kosbaar is, sal jy alles doen om hulle toe te rus en gereed te maak sodat hulle nie in gevaar kom nie.

Die Here het ook eiendom waaraan Hy waarde heg. Sy eiendom is vir Hom baie kosbaar, maar sy eiendom is nie net kosbaar vir Hom nie – dit is vir Hom heilig. Sy eiendom is heilig

omdat Hy dit vir Homself afgesonder het. Sy eiendom moet net gebruik word in sy diens. Hy duld nie dat daar met sy heilige eiendom gemors word nie. Wie dit waag om met God se eiendom te mors, mors met Hom. In Daniël 5 ontmoet ons 'n man wat geen ontsag vir die God van die hemel en die aarde gehad het nie – Belsasar wat namens sy pa Nabonidus in Babel regeer het. Hy het selfs gewaag om iets te doen wat Nebukadnesar in al sy boosheid nie gewaag het om te doen nie.

Broers, susters en kinders, die gebeure in Daniël 5 vind plaas in daardie laaste nag wat Belsasar nog koning was in Babel. Koning Kores van die Perse het reeds die omringende gebiede van Babel aan sy mag onderwerp. Die laaste vesting van die Babiloniese ryk wat nog staan is die stad Babel waar Belsasar saam met sy duisend maghebbers fees vier in die onthaalsaal van die paleis.

In hierdie optrede van Belsasar merk mens ongeërgdheid op. Die wêreld rondom hom is aan die brand. Die Babiloniese ryk het eintlik klaar geval, maar Belsasar gaan aan asof hy die oorwinning behaal het. Belsasar se optrede is ook so eie aan baie mense van vandag se uitkyk op die lewe. Dit is die uitkyk op die lewe wat die mense het wat nie glo dat daar 'n opstanding uit die dood is nie. Hulle sê: Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons (1 Kor 15:32). Dit lyk asof Belsasar en sy maghebbers gedink het omdat hulle niks meer aan die toekoms van Babel kan doen nie, hulle nou maar net sowel die lewe wat nog oor is voluit kan geniet.

Daar is inderdaad baie dinge waaraan ons niks kan doen nie. Daniël – die dienskneg van die lewende God – kon ook niks aan die toekoms van Babel doen nie. Onder die Heilige Gees se heerskappy was daar ontsag vir God in Daniël se hart. Daniël het immers geweet dat God die Allerhoogste is en Hy die mag het oor die koninkryke van die aarde en aanstel wie Hy wil. Daarom kon Daniël as gelowige kind van God voortgaan met sy werk in diens van die Here te midde van die oorlogsrumoer wat rondom die paleis van Belsasar woed. Dit is nie gelowiges se troue diens aan God wat die wêreld verander nie. Die Here verander die wêreld en Hy wil sy gelowige kinders gebruik in hierdie verandering wat Hy aanbring.

In die geroesemoes van die dronkparty in die onthaalsaal van Belsasar is die een item na die ander gelewer tot vermaak van almal teenwoordig. Maar gou raak die spulletjie verveeld met al die drinkery en sedeloosheid. Daar moet iets meer gedoen word om die feesgangers van die driegende gevaar buite die mure van die paleis te laat vergeet. Daarom het die koning 'n ander item op die feesprogram bygevoeg. Selfs onder die heidene was so iets ongekend. Hy het bevel gegee dat die goue en silwer bekere wat uit die tempel in Jerusalem geroof is gebring word. Die bekere is gebring en die feesgangers het die een heildronk na die ander op hulle swetterjoel gode uit hierdie goue en silwer bekere gedrink.

Met hierdie daad van heiligskennis – dit is om iets wat heilig is met minagting en oneer te hanteer – het Belsasar probeer om die feesgangers vir nog 'n laaste keer op te beur oor die oorwinnings wat Babilonië in die verlede behaal het. Deur die heilige voorwerpe van God se tempel op sy dronkparty vir heildronke aan afgode te gebruik het Belsasar met die lewende God gespot. In sy besopenheid het Belsasar die feesgangers vermaak deur die Allerhoogste God te verneder. Kyk wat het ons Babiloniërs al reggekry in die verlede.

Op daardie selfde oomblik het God self 'n ander item op die feesprogram gebring. Die vingers van 'n mensehand het teen die muur verskyn en die woorde *Mené, mené, tekél ufarsín* – getel, getel, geweeg en verdeel – daarop geskryf. Die feesgedruis raak stil. Die koning staan bleek en bewend voor die muur. Beang word die raadgewers geroep. In sy

beneweldheid maak hy beloftes van groot eer aan die een wat die woorde kan lees en uittê. Maar niemand kan nie. Die spanning laai op. Die angs gryp die koning nog meer aan. Dan kom die verligting. Daar is iemand wat die woorde kan lees en uittê – Daniël.

Daniël word ingebring. Van die loon en geskenke wat die koning in sy dronkenskap belowe, wil hy niks weet nie. Hy staan in diens van die lewende God, daarom sal hy in elk geval die woorde lees en uittê. Dit is opmerklik dat Daniël in sy preek een spesifieke sonde van Belsasar uitsonder en veroordeel. Dit is nie sy ongebreidelde gedrink en sedeloosheid nie maar sy doelbewuste daad van heiligskennis. Hy het met die heilige voorwerpe van God sy afgode geprys, maar die God wat aan hom die lewensasem gegee het en oor sy lewe beskik het hy nie vereer nie, terwyl hy geweet het dat God die Allerhoogste is. Hy het geweet dat God ewig lewe en regeer en Hy mag het oor alle aardse koninkryke. Belsasar het hierdie dinge geweet, want dit is deur sy voorganger Nebukadnesar geskryf aan alle volke, nasies en taalgroepe in die hele wêreld.

Die maat van Babel se sonde het vol geword. Daarom kom die oordeel in die skrif teen die muur. God het die koningskap van Belsasar getel. Hy het dit nie eensklaps gedoen nie. Geduldig het God getel en weer getel. Maar die koningskap van Belsasar het nie voldoen aan God se vereistes nie. Tog het God nie net getel nie. Hy het ook geweeg. En inderdaad is daar bevind dat sy koningskap te lig is. Hy het nie die God van die hemel vereer nie maar homself, terwyl hy geweet het dat God alleen vereer moet word. Daarom sal sy koninkryk verdeel word en aan die Meders en Perse gegee word, want God gee koninkryke aan wie Hy wil.

Baie mense van vandag sal maklik vra: Maar wat het Belsasar nou eintlik gedoen wat so erg is? Hy het tog nie onmenslik opgetree of enige ander mens te na gekom nie. Is hierdie oordeel regverdig? Om te begryp wat Belsasar gedoen het sodat ons ook kan leer en ons bekeer, moet ons verder luister.

Die Heilige Gees leer ons in die Ou Testament dat God in sy wysheid en alleenheerskappy sekere mense en sekere dinge gekies het om spesiaal in sy diens gebruik te word. Omdat God alleenheerskappy voer, het Hy nie nodig om aan enigiemand sy besluit en keuse te verduidelik nie. Die mense en goed wat die Here kies, kies Hy nie omdat hulle een of ander eienskap het wat hulle beter maak as ander mense of goed nie. Hy kies hulle omdat Hy hulle vir Homself wil afsonder. En die mense en goed wat die Here vir Homself kies noem Hy heilig omdat hulle aan Hom toegewy is.

God het Israel tussen al die volke van die destydse wêreld vir Homself gekies en hulle word die heilige volk van God genoem. Die tempel is 'n heilige plek genoem omdat God gekies het dat sy Naam daar sal woon en Hy sy volk daar sal ontmoet. Aan sy volk het die Here voorskrifte gegee oor hoe hulle Hom daar by die tempel sal dien met hulle offers en hoe elke voorwerp by die tempel in sy diens gebruik behoort te word. God het dinge en mense afgesonder van die algemene gebruik in die wêreld sodat dit in sy besondere diens gebruik word wanneer Hy sy volk by die tempel ontmoet.

Toe die tempelgeboue klaar opgerig was en al die gereedskap en voorwerpe gemaak is en die mense saam met alles by die tempel aan God gewy is, het 'n die wolk van God se heilige teenwoordigheid die tempelgeboue gevul met sy heerlijkheid. Daarmee het God dit duidelik gemaak dat Hy tevrede is en Hy het hierdie goed en mense as sy eie aangeneem om in sy diens werksaam te wees. Om die waarheid te sê, God het sy Naam oor hierdie goed en mense uitgeroep. Al hierdie goed en mense behoort aan Hom en moet in sy diens wees en lewe.

Die goue en silwer bekere wat Belsasar by sy fees ingebring het as die hoogtepunt op sy feesprogram was deel van hierdie gewyde voorwerpe uit die Here se tempel. In sy oormoed het hy hierdie voorwerpe misbruik en God beledig asof God geen seggenskap in Babel het nie. Hy het God uitgedaag en hy het hom daardie selfde nag nog te pletter geloop teen die Here se almag. Wat God heilig verklaar het omdat Hy dit vir Homself gekies het, sal Hy met sy heilige geregtigheid beskerm.

Niemand het die reg om self te besluit wat nog vir die Here bruikbaar en heilig is of nie. Die Here alleen het die reg om sy tafel skoon te maak, om dit so te stel, en ander voorwerpe daarop te sit wat Hy heilig noem en in sy diens wil gebruik. Israel het ook in 'n stadium gedink hulle kan maar maak met die heilige goed van die Here soos hulle wil. Die Here het hulle daarvoor ernstig vermaan en getug. Die hele boek Maleagi is vol van hierdie vermaning van die Here aan sy volk.

Op sy bestemde tyd het die Here self sy tafel skoongemaak. Al die offers, soos voorgeskryf in die Ou Testament en selfs die plek van aanbidding, het God met die dood en opstanding van sy Seun Jesus Christus van die tafel afgevee. Al daardie goed en plekke was die skaduwee van die werklikheid wat sou kom. Christus is die werklikheid en sy offer aan die kruis is die enigste offer wat God vir die betaling van sondes van mense aanvaar. Christus se Naam en die versoening wat Hy deur sy dood en opstanding bewerkstellig het moet oor die wêreld heen verkondig word. Daarom ontmoet God sy mense nie net meer op die een plek in Jerusalem nie. Hy ontmoet sy mense oral waar sy Woord in waarheid en suiwerheid verkondig word, want waar twee of drie in sy Naam vergader daar is Hy self teenwoordig.

God het vandag steeds heilige voorwerpe wat Hy gekies het om in sy diens gebruik te word. Die Here laat vandag steeds nie toe dat sy heilige voorwerpe met minagting behandel word nie. Die heilige voorwerpe waaraan 'n mens somer nou kan dink is sy Woord en sy sakramente – die heilige doop en die heilige nagmaal. Aan hierdie genademiddele het God sy Naam verbind, want hierin en hiermee verkondig en bevestig Hy die beloftes van sy evangelie.

Niemand van ons sal so blantant die heilige voorwerpe van die Here misbruik om God te verneder soos wat Belsasar dit gedoen het nie. Die versoeking waarmee ons te doen het is om die heilige sakramente van die Here met sorgeloosheid en lighartigheid te gebruik. Wie die erediens van die Here en sy sakramente gebruik soos wat jy 'n koffiekroeg besoek en gebruik, maak asof hierdie heilige dinge van die Here niks met ons alledaagse lewe te doen het nie. Wanneer ons die sakramente gebruik net om fatsoetlik te wees tussen mense, moet ons dit eerder nie gebruik nie totdat ons onself bekeer het.

Wie met die heilige voorwerpe van die Here mors, mors met die Here self en Hy gaan dit nie maar daar laat nie. Die gemeente in Korinte het hulleself ook te pletter geloop teen Christus omdat hulle die nagmaal nie van waarde geag het soos wat die Here dit verwag nie.

Vorbereiding vir nagmaal is nie somer iets wat 'n mens so terloops kan doen nie. In sy genade gee die Here die tyd dat ons onself in die lig van sy Woord kan beskou. Omdat dit die Here se heilige Woord is, kan ons ook nie maar net lees om klaar te kry nie. Onder leiding van die Heilige Gees lees 'n mens om te luister wat die Here persoonlik vir jou sê. En wanneer die Heilige Gees sy vinger op die probleem druk, moet 'n mens nie wegstroom nie maar bely wat verkeerd is – jouself bekeer van die verkeerde weg en omdraai na Christus om in sy kosbare bloed vergifnis te smek en te verkry.

Mag die Heilige Gees ons genadig wees deur ons te begelei in ons voorbereiding vir die nagmaal. Mag die vrees vir die Here in ons harte groei sodat ons met ontsag en eerbied vir die Here ons lewe buite onself in Christus soek.

**Amen!**

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;  
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.  
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 86:5, 6 (p. 433)

- 5 Al die volke<sup>o</sup> in heidenlande – / eie maaksel van u hande –  
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.  
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:  
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Katkisasieopening en -afsluiting**

Psalm 20:1, 4 (p. 90)

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!  
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!  
Vervulling van wat u beraam – / mag u dié guns ontvang!

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 November 2016